# 🙏 Gebedslys

🌿 **Frans van der Merwe**
Frans gaan volgende week **Dinsdag (3 Maart)** vir 'n **heupvervanging** by **Faerie Glen Hospitaal**. Ons dra hom aan die Here op en vra dat die dokters en verpleegpersoneel instrumente in God se hande sal wees. Mag die operasie goed verloop en herstel vinnig wees.

🌸 **Klein Livia Jordaan**
Livia word ook volgende week geopereer en haar **adenoïede moet verwyder word**. Ons bid dat die Here haar sal beskerm, haar sal kalmeer en haar en haar hele familie in Sy liefde sal vashou.

🚜 **Ons Boere**
Ons hou aan om vir ons boere te bid en vra dat die Here spoedig uitkoms sal gee met betrekking tot die **Bek-en-Klouseer-epidemie**. Mag Hy beskerming, wysheid en deurbrake gee.

🏫 **Ons Gemeente en Kerkraad**
Ons bid vir ons eie gemeente, en veral vir ons kerkraad. Mag God self die Leier wees. Ons vra dat ons Sy stem duidelik sal hoor en wysheid sal hê in elke besluit wat geneem word.

---

🌿 **Mag die Here ons lei, beskerm en seën in alles wat ons hierdie week voor Hom bring.**